# Eldo-Gespreksgids

## Die pad na die kruis

Hierdie Paassangdiens wat verby is, neem ons op ’n reis saam met Jesus, nie net as toeskouers nie, maar as deelnemers oppad na die kruis. Elke stasie herinner ons aan ’n aspek van Jesus se lyding en wat dit vir ons vandag beteken.

By die eerste stasie sien ons hoe Jesus onregverdig veroordeel word. Die skare kies Barabbas bo Hom. Dit dwing ons om eerlik te vra: Hoe gereeld kies ons die maklike pad eerder as die regte pad? Jesus neem egter die oordeel op Hom, in ons plek. Dit wys vir ons die diepte van God se liefde en genade.

Die tweede stasie wys hoe Jesus sy kruis dra. Hy dra nie net hout nie, maar ook die gewig van ons elkeen se sonde en gebrokenheid. Wanneer Jesus ons roep om ons kruis op te neem, roep Hy ons tot ’n lewe van oorgawe en gehoorsaamheid. Dissipelskap kos iets. Dit vra van jou om ook jou kruis te dra.

By die derde stasie val Jesus, maar Hy staan weer op. Dit gee hoop vir ons eie “valmomente”. Ons dien nie ’n Verlosser wat ver is van ons pyn nie, maar Een wat dit self beleef het. Hy ontmoet ons juis in ons swakheid. Wanneer ons val, dink ons Jesus wat ook geval het en dit help ons om te besef dat ons weer kan opstaan.

Die vierde stasie bring ons by die kruis self. Selfs in uiterste lyding spreek Jesus woorde van vergifnis: “Vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie”. Dit wys dat genade nie verdien word nie, dit word aan ons geskenk. Hierdie genade is ook vir elkeen van ons beskikbaar.

Laastens hoor ons: “Dit is volbring.” Dit beteken dat Jesus se werk volledig afgehandel is. Die kruis is nie die einde nie, maar die begin van nuwe lewe. Ons hoop lê in wat Hy reeds gedoen het. Alles lyk vir die dissipels verlore, maar Jesus staan op en Hy lewe. So gee Hy ook aan ons die lewe.

### Gespreksvrae

- Met watter “stasie” van die kruis identifiseer jy die meeste, en hoekom?
- Wat beteken dit prakties vir jou om jou “kruis op te neem” in jou daaglikse lewe?
- Hoe verander Jesus se woorde van vergifnis aan die kruis jou manier van dink oor genade en vergifnis?